



**[eduresourceza.com](http://eduresourceza.com)**

**MEGANIESE TEGNOLOGIE****GRAAD 12****TUTOR GIDS**

|                  | <b>Wat moet die tutor doen ...</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 | <b>Wat moet leerder doen ...</b>                                                                                       |
|------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Inleiding</b> | <p><b>Bespreek die struktuur van die NSS-eksamen vraestel en die belangrike punt om te onthou wanneer jy voorberei vir die eksamen:</b></p> <p><b>Motor:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>➤ Die vraestel bestaan uit TIEN verpligte vrae.</li> </ul> <p><b>Sweis &amp; Metaal bewerking en Pas &amp; Masjinerie:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>➤ Die vraestelle bestaan uit ELF verpligte vrae.</li> <li>➤ Die gewigte van die finale matriekvraestel is volgens die tabel in die hersieningspakket.</li> <li>➤ Onthou dat die vraestel 200 PUNTE is en dat die tyd 3 URE is, dws 200 punte = 180 minute.</li> <li>➤ Dit is belangrik om seker te maak dat jy jou tyd behoorlik bestuur tydens die skryf van enige toets of eksamen. Jy wil nie uit tyd raak as gevolg van slegte tydbestuur nie.</li> <li>➤ Begin altyd met die maklikste vraag en werk tot by die moeiliker vrae.</li> <li>➤ Alle vrae en subvrae moet bymekaar gehou word. MOET NIE VRAE MENG NIE</li> <li>➤ Trek 'n lyn na elke voltooide vraag.</li> <li>➤ Dit is belangrik dat jy al die instruksies stadig lees voordat jy 'n vraag beantwoord.</li> <li>➤ Let ook daarop dat jy'n formuleblad moet ontvang met elke toets of eksamen wat jy skryf, wat ten minste die onderwerpe van die toets of eksamen dek.</li> <li>➤ Die vrae word op so 'n manier gevra dat dit sal onderskei in terme van vakkennis. Dit begin miskien met 'n maklike vraag en eindig met 'n meer uitdagende vraag in die</li> </ul> | <p>Beklemtoon belangrike aspekte wat deur tutor genoem word in hul hersieningspak en neem aanvullende aantekeninge</p> |

|                                                                         |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |                                                                                       |
|-------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>Voortoets en Na-toets</b>                                            | <p>Gee die voortoetswerkblad aan die leerders en versoek die leerders om die voortoets te voltooi op grond van die inhoud wat tydens 'n spesifieke sessie behandel gaan word.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee terugvoer oor die voortoets</li> <li>• Remediërende aktiwiteite</li> <li>• Doen Na-toets met dieselfde voor-toets werkblad</li> </ul>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     | <p>Voltooi die voortoets op die gegewe werkblad</p> <p>Voltooi Na-toets</p>           |
| <b>Onderwerpe wat in hersieningsboek gedek word</b>                     | <p><b>Beklemtoon die onderwerpe wat in die hersieningsboekies behandel word:</b></p> <p><b>Motor:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beroepsgesondheid en -veiligheid</li> <li>• Gereedskap</li> <li>• Enjins</li> <li>• Hegtingsmetodes</li> <li>• Kragte</li> <li>• Instandhouding</li> </ul> <p><b>Pas en Masjinerie</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beroepsgesondheid en -veiligheid</li> <li>• Terminologie (Masjinerie)</li> <li>• Gereedskap</li> <li>• Hegtingsmetodes</li> <li>• Kragte</li> <li>• Instandhouding</li> </ul> <p><b>Sweis en Metaal bewerking</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beroepsgesondheid en -veiligheid</li> <li>• Terminologie</li> <li>• Gereedskap</li> <li>• Materiale</li> <li>• Hegtingsmetodes</li> <li>• Kragte</li> </ul>                        | <p>Let op die bladsynommers van elke onderwerp in die hersieningsboekie</p>           |
| <b>Strategie om die hersieningsboek vir alle onderwerpe te bemiddel</b> | <p><b>Laat die leerders daarop let dat die vrae oor beroepsgesondheid en -veiligheid die volgende vrae bevat:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>➤ Teoretiese vrae</li> <li>➤ Berekeninge</li> <li>➤ Vrae rakende sketse.</li> </ul> <p>Leerders moet weet hoe om elke tipe vraag aan te pak. Tutor moet belangrike punte hieronder deur werk</p> <p><b>Teoretiese vrae:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die punttoekenning sal aandui hoeveel inligting jy benodig in jou antwoorde op vrae</li> <li>• Leerders moet seker maak dat hulle elke vraag baie noukeurig lees.</li> <li>• Aksiewerkwoorde moet geïdentifiseer word en die betekenis daarvan verduidelik word.</li> <li>• Leerders moet seker maak dat hul antwoorde kort en op die punt af is. Hulle moet onthou dat die eksaminator</li> </ul> | <p>Leerders moet aantekeninge neem oor hoe om verskillende soorte vrae aan te pak</p> |

/ nasiener moet verstaan wat hulle in hul antwoord probeer sê

**Berekeninge:**

- Gebruik jou **eie sakrekenaar** en sorg dat jy vertrouwd is met die werking daarvan.
- Maak seker dat jy die korrekte formule op die formuleblad (wat in die vraestel ingesluit is) kan identifiseer.
- Skryf altyd die formule neer.
- Sorg dat jy weet hoe om die onderwerp van die formule te verander.
- Maak dit 'n gewoonte om al die gegewe inligting neer te skryf, maak seker dat jy korrek vasgelê is voordat jy met jou berekening begin en bepaal presies wat jy moet bereken.
- Sorg dat jy al die stappe van die berekening neerskryf. (daarvolgens word punte toegeken).
- Maak seker dat jy die **korrekte SI-eenheid langs die antwoord neerskryf**. Maak seker dat jy die eenheid omskakel na die korrekte SI-eenheid soos gevra (indien gevra) in die vraag.

**Vrae rakende sketse:**

- Alle diagramme en sketse moet altyd byskrifte hê.
- Probeer om al die sketse se byskrifte te leer.
- Daar is altyd sketse in die vraestel. (Maklike punte)

**Tutoring  
Oomblikke**


- Tutor moet die belangrikke begrippe in elke onderwerp wat aangebied word, belig en al die belangrike konsepte per onderwerp konsolideer.
- Tutor moet uitdagende vrae deur werk en leerders lei hoe om sulke vrae aan te pak.
- Moedig leerders aan om duidelike vrae te stel.
- Gee die leerders informele assesserings om te doen wat verband hou met die onderwerp wat behandel word en bemiddel tydens hul aktiwiteite

Belig belangrike konsepte in die aantekeninge wat voorsien word

Doen informele assessering en stel vrae vir duidelikheid

Leerders voltooi die na-toets

➤ Doen na-toets aan die einde van die tutor sessie?



Besig om die leiers van  
more op te voed.  
Dankie vir u toewyding,  
tyd en kundigheid